

Ons is dankbaar dat die simptome in oorwig baie lig en oorwegend soos dié van verkoue of griep is. Mens kan egter nooit onverskillig staan teenoor die moontlike risiko wat Kovid-infeksie inhou nie.

Dit is 'n realiteit dat ons hiervandaan voorts moet leer om met Kovid saam te leef, deurlopend die blootstelling aan die virus te antisipeer, en derhalwe dan ook die verspreiding daarvan te probeer minimaliseer.

Almal moet egter saamwerk om jouself teen infeksie te beskerm en dan ook die mense om jou te beskerm, indien jy enige simptome wys. Onthou ook dat baie mense a-simptomaties is en nie eers weet dat hulle Kovid het nie.

Sport- en kultuuroefeninge, wedstryde en optredes gaan voort soos beplan terwyl streng Kovid-protokolle by dié geleenthede gehandhaaf word.

Skool gaan daagliks voort soos normaal.

Ons maak staat op elkeen se samewerking om hierdie uitdaging die hoof te bied.

In die aangehegte tabel kan u die omvang van die uitdaging beskou.

Hoërskool Randburg: Kovid-19-statistiek (2022)		Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di
Dag	Maand	JANUARIE					JAN/FEBRUARIE					FEBRUARIE					FEBRUARIE					FEBRUARIE	
Datum		24	25	26	27	28	31	1	2	3	4	7	8	9	10	11	14	15	16	17	18	21	22
Personeel	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 10 Januarie 2022	3	3	3	3	3	3	3	3	3	3	4	6	6	6	6	7	8	8	10	10	11	12
	Herstel van Kovid-19	3	3	3	3	3	3	3	3	3	3	3	3	3	3	3	5	6	6	5	5	9	9
	Netto Kovid-19-aktief	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1	3	3	3	3	2	2	2	5	5	2	3
	Self-isolasie: simptome en by die huis	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
	Komorbiditeit afwesig (werk van die huis af)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Leerders	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 12 Januarie 2022	2	2	4	5	5	5	7	7	11	11	14	24	29	34	37	48	58	78	104	127	146	150
	Herstel van Kovid-19	1	1	1	1	1	1	2	5	5	5	6	7	10	11	12	32	35	38	39	39	82	105
	Netto Kovid-19-aktief (met simptome)	1	1	3	4	4	4	5	2	6	6	8	17	19	23	25	16	23	40	65	88	64	45
	Self-isolasie: simptome en by die huis	4	10	6	4	5	2	4	0	0	3	1	1	3	2	3	2	4	12	17	23	6	11
	Komorbiditeit afwesig (werk op Google Classroom)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
TOAAL	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 10 (12) Januarie 2022	5	5	7	8	8	8	10	10	14	14	18	30	35	40	43	55	66	86	114	137	157	162
	Herstel van Kovid-19	4	4	4	4	4	4	5	8	8	8	9	10	13	14	15	37	41	44	44	44	91	114
	Netto Kovid-19-aktief (met simptome)	1	1	3	4	4	4	5	2	6	6	9	20	22	26	28	18	25	42	70	93	66	48
	Self-isolasie: simptome en by die huis	4	10	6	4	5	2	4	0	0	3	1	1	3	2	3	2	4	12	17	23	6	11
	Komorbiditeit afwesig	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0

2 Personeel

Ons verwelkom graag vir mev. Dédé Oosthuizen wat vir ons behulpsaam sal wees in die Afrikaanse klasse van juf. Michelle Coetsee wie tans haar eersteling verwag. In haar afwesigheid wens ons vir juf. Coetsee alles van die beste toe en bid dat die geboorte (wat vir vandag geskeduleer is) sonder voorval sal verloop.

Dr Christo Naudé het ook by ons span in die SAU aangesluit. Hy is primêr betrokke by die begeleiding van ons leerders in situasies wat hulle dalk nie so goed kan hanteer nie. Ons is baie bevoorreg om van Dr. Christo se dienste gebruik te kan maak.

3 Matriekuitslae 2021


Baie geluk aan ons Rekeningkunde klas van 2021. In besonder, dié gelukwense aan mev. Elbé Gouws onder wie se bekwame leiding hierdie groep landswyd onder die TOP-20 beste prestasies aangewys is. Solidariteit se Skole Ondersteuningsentrum het ons Rekeningkunde klas in die dertiende posisie in SA geplaas terwyl ons die derde beste in Gauteng (van alle skole) was. Ons is baie TROTS op mev. Gouws en haar klas van 2021.

By die jaarlikse Distriksprysuitdeling is ons skool aangewys as een van die TOP 10-skole in die Distrik. Ons het hier ook 'n derde posisie ingeneem waarop ons baie trots en dankbaar voor is.

By dieselfde prysuitdeling is William Morland en Zander Janse van Rensburg aangewys as Top 10-leerders in die Distrik. William was die beste vakpresteerder in die Distrik in Rekenaar Toepassings Tegnologie en Rekeningkunde. Zander is aangewys as die beste presteerder in Engels "Fist Additional Language". Vanja Lagendyk is aangewys as die beste vakpresteerder in Lewensorieëntering en Ontwerp.

Gelukwense aan dié drie kandidate vir hulle uitmuntende prestasie. Ons skool se vlag het hoog gewapper by dié prysuitdeling.

In die meegaande grafiek deel ons graag 'n paar eksamen hoogtepunte soos aangeteken is. Ons is baie trots op elkeen van hierdie vakke se uitslae.



4 Randburg-Linden Derby

Dit is vir ons aangenaam om aan te kondig dat hierdie tradisie vanjaar sal herleef op Saterdag 21 Mei hier by ons skool. Ons glo almal sal uitsien na hierdie hoogtepunt op ons skoolkalender. Ons sal meer inligting bekend maak nader aan die gestelde datum. Kovid-19-maatreëls sal sekerlik 'n rol speel in die aanbieding van hierdie geleentheid en ons sal alle vereiste reëls soos op daardie tyd van krag, behoorlik nakom.

5 Fasiliteite

'n Langtermyn droom is besig om 'n waarheid te word. Ons skool gaan na vele jare se beplanning en oorweging uiteindelik 'n dak oor ons vierkant bou. Hierdie waarde toevoeging tot ons fasiliteite gaan baie nuwe geleenthede vir ons skep en ten minste elke oggend ons leerders uit die son en reën hou. Onder hierdie dak kan ons binnehuis sport beoefen, groot vergaderings hou, konserte aanbied en sosiale funksies hou. Dit is verder ook 'n eksamenlokaal waarin 'n groot groep leerders kan eksamen skryf. Met die oop kante is dit verder 'n baie geskikte fasiliteit om Kovid vriendelike byeenkomste te hou. Dis verder ook 'n baie geskikte lokaal vir ons jaarlikse matriekafskeid.

Meer as 22 jaar gelede het 'n groep ouers en oud-ouers 'n trust in die lewe geroep en geregistreer as die Educatio Trust. Soos tyd verloop het, het trustees gekom en gegaan en die huidige trustees het die skool genader met die instruksie dat hulle fondse bewillig om ons dak te help bou. Ons is baie dankbaar vir hierdie bewilliging en sal bepaald dan ook die dak vernoem na die Educatio Trust. Dit is 'n ongelooflike voorreg dat 'n gemeenskap sy skool op so 'n wyse ondersteun. Sulke weldoeners maak 'n baie groot verskil by ons skool.



6 Wysigings in die onderwyswet

Tans dien daar wysigings in die Onderwyswet voor die Parlement. Hierdie voorgestelde wysigings moet nog finaal aanvaar en goedgekeur word alvorens dit geïmplementeer kan word. Daar is vele beriggewing in die media oor die aangeleentheid wat in wese neerkom op 'n verskraling van die magte van

skoolbeheerliggame. Verskeie instansies is in samesprekings met die betrokke owerhede oor die wysigings en ons volg media-beriggewing om te sien wat die uitkoms sal wees. Ons hoop op 'n positiewe uitkoms waarin die magte van die Beheerliggaam beskerm bly in belang van ons leerders en die breër skoolgemeenskap.


Dit is vandag 22 Februarie 2022. Ons sal nooit weer só 'n datum beleef nie. Maar so is elke dag 'n gebeurlikheid wat ons nooit weer sal beleef nie. Te midde van al ons uitdagings en voorspoed is dit so belangrik dat ons elke dag perspektief behou en soek na die positiewe dinge wat om ons gebeur en selfs met ons gebeur. Die wese van die mens fokus op die negatiewe en in die proses raak ons denke mismoedig. Dit is in elke mens se belang dat ons soek na die goeie dinge wat gebeur en dit raaksien, want ook daarin sal ons die Genade van ons Skepper sien en beleef.

'n Randjie gaan lê nooit. 'n Randjie lewer 'n bydrae en maak 'n positiewe verskil.

Ons sal ons Kovid-uitdaging te bowe kom. Ons sal ons skool bly bou en ontwikkel. Ons sal elke dag beter probeer wees as wat ons gister was. Ons sal elke dag hard werk vir dit wat ons wil hê. Ons sal elke dag ons kinders eerste stel. Ons sal elke dag iets doen om ons skool 'n beter plek te maak.

Saam kan ons – ouers, beheerliggaam, onderwysers, leerders en ons gemeenskap, 'n skool bou, wat in diens van sy mense, werklik 'n verskil maak waarop ons almal TROTS kan wees.

'n Spesiale 22 Februarie 2022 word elkeen toegewens.



P Booyesen: Hoof